SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE AFDELING.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 60 minute
   AFDELING C: 40 minute

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 200–250 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Dis 'n geleentheid wat ek nie verby kan laat gaan nie. **[50]**

1.2 Verandering begin by my! **[50]**

1.3 Die straatkind by die winkelsentrum. **[50]**

1.4 My sê tel! **[50]**

1.5 Paradys beteken vir my ... **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron: www.google *images.com*] **[50]**

1.6.2



[Bron: *Huisgenoot*, Februarie 2014] **[50]**

1.6.3



[Bron: *Reader's Digest,* November 2016] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Skryf ŉ brief aan ŉ goeie maat waarin jy hom/haar vertel van jou planne om groot geld te verdien. Vra dan ook jou maat of hy/sy saam met jou die besigheid wil begin. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Jou neef/niggie is in ŉ fratsongeluk oorlede. Jy is gevra om namens die familie ŉ huldeblyk by sy/haar begrafnis te lewer.

Skryf die huldeblyk. **[30]**

2.3 **RESENSIE**

Skryf ŉ resensie oor een van die voorgeskrewe boeke wat jy op hoërskool gelees het. **[30]**

2.4 **TOESPRAAK**

Jy word gevra om die heildronk by jou pa/ma se 50$^{ste}$ verjaarsdagpartytjie in te stel. Skryf hierdie toespraak neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jou gemeenskapsforum is besig met ŉ veldtog om water te bespaar. Ontwerp nou ŉ treffende plakkaat wat die gemeenskap sal oortuig om water te bespaar. Gee ook redes waarom dit noodsaaklik is om hierdie natuurlike hulpbron te bespaar. Hierdie plakkaat sal by winkelsentrums en op kennisgewingborde in jou dorp/stad en gemeenskap opgesit word. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Dis skrikkeljaar ('*leap year*') en jy het besluit om die meisie/kêrel vir wie jy al vir jare in die geheim bewonder, vir Valentynsdag uit te nooi.

Maak nou TWEE dagboekinskrywings:
Een inskrywing die aand VOOR jy die meisie/kêrel uitvra EN
Een inskrywing die aand NA julle uitgegaan het. **[20]**

3.3 **WENKE**

Jy het geleer dat ŉ gebalanseerde leefwyse wondere vir die stresvlakke verrig.

Gee AGT (8) wenke hoe om van onnodige stres ontslae te raak. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou